DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

OKTOBER 2017

DIE WAARHEID VAN DIE WOORD

REFORMASIE 500: ELKE GELOWIGE 'N PRIESTER

VYF VROUE VAN DIE REFORMASIE

WAT BETEKEN DIE REFORMASIE VIR ONS VANDAG?

PRYSE:
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Oktober 2017

Gereeld

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat: GK Frankfort
5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

6 Wat is die Reformasie?
8 Wat beteken die Reformasie vir ons vandag?
10 Die weg, die waarheid en die lewe

Leefdinge

12 Vroue van die Reformasie: Marguerite de Navarre
14 Vroue van die Reformasie: Marie Dentière
16 Vroue van die Reformasie: Argula von Grumbach
18 Vroue van die Reformasie: Olympia Morata
20 Vroue van die Reformasie: Jeanne d'Albret
22 Teks & Vers: Waarheid
23 Teks & Vers: Dagboek
24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by die GK Frankfort
26 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekstreke 2018
27 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekwenke & Bybelstudie (2)
28 Resepteblad: Spinasiekinkels
29 Lees in November 2017
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die vrou, geskape verhoudingswese: Haar jong kinders
32 Kaleidoskoop Oktober 2017

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR Griet Swanepoel
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG Karien Brink
SEKRETARESSE Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
• VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Ander Publikasies van die Gksa:
• Die Kerkblad
• Die Slingervel (Laerskoolkinders)
• Die Kruispad (tieners en jongmense)

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek gerus ons *Facebook*blad – plaas vir ons foto's van julle plaaslike Reformasiefeeste en vertel ons 'n bietjie meer daarvan.

JAARGANG 72 NOMMER 5

DIE WAARHEID VAN DIE WOORD

brief van die redakteur

"Neem u woord nie uit my mond nie,
waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid
wat ek graag wil onderhou"

(Psalm 119-1:13; laaste 4 reëls)

Susters in die geloof,

Vanjaar gons dit oor Reformasie 500! Ja, daar het reeds 500 jaar verloop sedert Martin Luther op 31 Oktober 1517 sy bekende 95 stellings aan die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het. En hoe min bladspasie is 32 bladsye as 'n mens graag al die glinsterkante van die Reformasie-diamant probeer belig.

Op 'n snuffeltog deur my man se boekery het ek op 'n kosbare boek afgekom wat in 1984 deur die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS) uitgegee is, getiteld *Our Reformational Tradition. A Rich Heritage and lasting vocation*. Twee artikels in die boek, een van Prof. Floor wat 'n mens se geheue net weer verfris oor wat die kern van die Reformasie is, en 'n ander ene van Prof. Tjaart van der Walt wat die Reformasie vir ons na vándag toe bring, het my so aangespoor dat ek my hand aan vertaling (en verkorting) gewaag het.

Dan kyk ons ook na vyf vrouens wat sterk na vore getree het in die tyd van die Reformasie. Baie dankie aan getroue skrywers wat hulle gereelde rubrieke opgeoffer het, en ernstig navorsing gedoen het om julle bekend te stel aan hulle.

Ons fokus in hierdie uitgawe sterk op Jesus Christus wat die weg, die waarheid en die lewe is, want is dit nie juis hieroor dat die hervormers tydens die Reformasie so sterk na vore getree het nie? Calvyn verwoord dit so mooi in sy voorwoord van sy Institusie – 'n brief wat hy aan Koning Frans 1 van Frankryk rig:

"Wat pas die geloof aan die ander kant meer as om te erken dat God belowe dat Hy vir ons 'n genadige Vader en Christus ons Broeder en Middelaar sal wees? Wat pas die geloof meer as om alle blydskap en voorspoed onbesorg van Hom te verwag wie se onuitspreeklike liefde jeens ons so ver gegaan het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons oorgelewer het? Wat pas die geloof verder meer as om in die gewisse verwagting op ons saligheid en die ewige lewe berusting te vind wanneer ons daaraan dink dat Christus deur die Vader gegee is in wie sulke skatte verborge is?" (Institusie van die Christelike Godsdiens, vertaal deur Prof. Dr. HW Simpson; CJBF: p. 93).

Wat kan 'n mens nog sê? Geniet die 500-jaar feesvieringe en onthou: as gelowiges durf ons nie stagneer nie – ons moet altyd reformeer.

Groete in Christus

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

Wat beteken die Reformasie vir ons vandag?

Die stroomversnellings van die verlede en die stroomversnellings van vandag

DEUR PROF. T VAN DER WALT (ARTIKEL VERTAAL EN VERKORT UIT *OUR REFORMATIONAL TRADITION. A RICH HERITAGE AND LASTING VOCATION* DEUR COBIE STEYN)*

Hoogtepunte (*ons kan dit ook bakens of die aanbreek van 'n nuwe era noem* – Red. se eie invoeging) in die wêreldgeskiedenis gebeur nie maar sommer vanself nie. Daar is altyd iets wat dit laat gebeur. Hoogtepunte kan ook nie altyd voorspel word nie. Maar hoogtepunte in die geskiedenis vertoon sekere eienskappe: dit gaan gewoonlik gepaard met geweldige druk, hoogspanning en somtyds gaan dit ook gepaard met 'n onderdrukte gevoel van angstigheid.

Sulke geskiedenishoogtepunte word ook gekenmerk deur erge stroomversnellings wat die aanwesige blokkasie wegspoel – daarna neem die stroomversnelling se spoed toe. Dan kla sommiges dat alles te vinnig verloop; terwyl andere die stroomversnelling verwelkom en die moed het om die water te kanaliseer. Hulle word die pioniers van die nuwe era.

Elke stroomversnelling het ook sy kwota opdrifsels, maar uit die stroomversnelling word ook mense met geestelike staal, kulturele goud en diamante van geloof gebore.

Net so vier ons hierdie jaar die kosbare hoogtepunte van die Reformasie – in 'n wêreld wat nie baie verskil van die wêreld van die Reformasie nie: Ons leef ook in 'n tyd van enorme spanning en begin daagliks meer stres. Sommige van ons kla ook dat dinge nóú te vinnig gaan.

God voorsien egter nie net die goeie branders in die geskiedenis nie, maar ook die branderplankryers – die afstammelinge van die Reformasie wat maar alte bewus is dat jy sonder 'n behoorlike brander nie met jou branderplank tot op die vaste grond van die strand kan kom nie.

Stroomversnellings

Ons hier in Suid-Afrika leef in 'n tyd van enorme stroomversnellings wat ons bedreig en ons angstig maak. Wanneer die stroomversnelling oor jou spoel, kan dinge skielik en onverwags skeefloop, maar dinge kan ook baie vinnig regkom.

Stroomversnellings dwing 'n mens om weer te besin oor die basiese, onverhandelbare beginsels wat jou vasanker, en dwing jou om ontslae te raak van oortollige bagasie wat jou net gaan laat sink.

Die Donker Middeleeue was ook nie nét donker nie en het 'n belangrike brug gevorm tussen die twee hoogtepunte van die geskiedenis, naamlik die Klassieke era en die Renaissance. In die Middeleeue is 'n kosbare skat van geestelike en intellektuele goed bymekaargemaak, maar dié tydperk het onsamehangend, ordeloos en versmorend geword.

Die Reformasie moes weer orde uit hierdie chaos skep, moes die kaf van die koring skei en die kanale oopmaak na die primêre bron van die lewe: Terug na die Bybel en na die God van die Bybel.

Die drie eienskappe van die Reformasie wat vir ons vandag nog net so belangrik is, is krag, rigting en kontrole (beheer). Kom ons gebruik die alledaagse voorbeeld van 'n motor: As jy die petrolpedaal intrap, moet daar krag kom sodat die motor kan beweeg – maar nie sommer net enige kant toe nie, daar moet tog in 'n rigting beweeg word. Om in 'n sekere rigting te kan beweeg, moet jy stuur, jy moet beheer uitoefen – jy kan vinnig ry op 'n reguit, oop stuk pad, maar jy moet stadiger ry om draaie, jy moet ook kan rem as dit nodig raak.

Die Reformasie was 'n periode van krag... waarin baie dinamiese dinge plaasgevind het, daarom vier ons vandag nog die Reformasie. Die hervormers het nie geskroom om enigiets aan te pak nie – sommer groot uitdagings wat amper onuitvoerbaar gelyk het, en hulle hét dit deurgevoer.

Die Reformasie het in 'n rigting beweeg... hulle het nie wild en wakker en onbeheersd rondgefladder nie. Die hervormers het 'n duidelike rigting ingeslaan. Daar was 'n patroon van eenheid in al hulle aksies.

Die Reformasie het beheersd, gekontroleerd plaasgevind... Om dinge te hervorm of te reformeer beteken nie om holderstebolder, ongekontroleerd vorentoe te storm nie. Die hervormers het opgetree in nederigheid, matigheid, beheersdheid, gedissiplineerdheid, soberheid en het oopkop vorentoe gegaan – eienskappe wat diepgewortel is in die Skrif.

Krag, rigting en beheersing... vir vandag

Ons moet onsself vandag afvra: Leef ons as gereformeerde gelowiges só dat mense ook kan sien ons het krag, rigting en beheersing? Of eggo ons maar net leë woorde?

Kan buitestaanders aan ons dade sien dat ons kinders van die Reformasie is wat triomferend lewe... of het ons belydenis dooie dogma geword?

Semper Reformanda

Bly altyd reformeer! Reformasie, verandering, is 'n voortdurende proses wat nooit ophou nie. Ons mag nie selftevrede dink ons "het gearriveer" nie. Gereformeerdes weet hulle is op 'n reis op pad na die ewige bestemming en is voortdurend op hierdie reis bewus van die onvolmaaktheid van hierdie lewe. Hulle weet ook dat slegs die genade van God hulle op hierdie reispad vorentoe kan dra.

'n Ware gereformeerde is nie net bereid om te kritiseer nie *(wat ook reg en nodig is as 'n mens sien iets gaan lynreg teen die Skrif in – Red. Byvoeging*), maar is ook bereid om kritiek te aanvaar, te verwerk en te respekteer. Ons moet onsself voortdurend toets aan die Woord van God om vas te stel of ons nog op die regte pad is.

Behou fokus

In 'n wêreld wat al hoe meer kompleks raak, moet 'n mens jou nie blind staar teen die bos nie – sien die bome raak!

Gereformeerdes staan vas by die basiese waarhede van die lewe. Die hervormers het dit so geformuleer:

- **Sola Sacra Scriptura:** Dit beteken ons glo vas dat daar net een, onveranderlike riglyn vir ons lewens is – God se Woord.
- **Sola Fide:** Ons staan in baie verhoudings in die lewe en word deur verskillende bande verbind soos bande van bloed, van gemeenskaplike belange en verantwoordelikhede. Maar die belangrikste band wat mense saambind is die band wat mense in die geloof saambind.
- **Sola Gratia:** Die gereformeerde gelowige leef net wérklik deur die genade van God. Alles wat ons is en het, kom van God af en is net genade.
- **Sola Deo Gloria:** Ons hooffokus in ons lewens moet wees om God in alles te eer en te verheerlik (vgl. 1 Kor. 10:31).

Die grootste geheim van die Reformasie is...

.... leef altyd naby God – in sy gesigsveld. Die Latyn sê dit so mooi: *Coram Deo*... Onder God se oë! Ons kan nooit van God af wegvlug nie (Ps. 139). Al probeer ons ons van Hom af losmaak, hou Hy ons steeds stewig vas. Watter blye boodskap om te weet God is altyd by ons. Dit versterk ons en stel ons in staat om ook te waag om die stroomversnellings van ons tyd aan te durf.

Wees kinders van die Reformasie deur te leef volgens die eise van Reformasie. Wees altyd gewillig om te verander (reformeer!) – ook op 'n persoonlike vlak, of miskien juis in jou persoonlike verhouding met die Here. Onderskei tussen belangrike en onbelangrike dinge en stel die grondslag vir jou lewe ondubbelsinnig.

Gaan voort in God se Krag, sy Rigting en sy Gees!

Herdenk die Reformasie deur reformerend te leef! V

*** Hierdie artikel van Prof. Van der Walt is volledig in Engels beskikbaar soos wat dit gepubliseer is in 1984. Volg net die skakel: http://gkvroueblad.co.za/**

LIDMAATPRAAT:

Ancois Potgieter: Reformasie is om te verander. Nie eenmalig nie, maar aanhoudend. Niks is nuut onder die son nie. Paulus moes verander. Die Suid Afrikaanse kerk wat deur die staat beheer was, moes verander. Nou moet ons ook elke dag verander: deur voortdurend terug te draai na sy Woord.

Olympia Morata

DEUR JOZELLE SMIT

In 1539, in die Italiaanse stad Ferrara, is die hof van die Hertog van Este (wat in beheer was van die stad), gekenmerk deur die spanning tussen Hertog Ercole II en Hertogin Renée. Ercole het beheer van die stad oorgeneem na sy vader se dood. Ferrara was in hierdie tyd 'n glorieryke stad omdat die Hertogshuis hard geveg het om hul onafhanklikheid te behou onder die gereelde aanslae en bedreigings van hul "bure" – die Pous aan die een kant en die republiek van Venesië aan die ander kant.

Hertogin Renèe, die dogter van Koning Louis XII van Frankryk, was 'n baie intelligente vrou, opgevoed in die Protestante geloof. Die spanning in die hertogshuis het hoogtepunt bereik toe die hertogin se swaer begin het om protestestante te vervolg en terug te stuur Frankryk toe.

Dit is te midde van hierdie kontrasterende omstandighede waarin die Here die 12-jarige Olympia Morata gebruik wanneer sy opgeroep word om die jongste dogter van die hertogspaar te onderrig. Dit was 'n posisie van groot eer wat haar te beurt geval het te danke aan haar pa. Baie vroeg in haar lewe het haar pa, 'n lektor in Latyn en Italiaanse literatuur, gesien dat sy dogter 'n gawe het. Hy het haar daarom groot gemaak met 'n liefde vir klassieke literatuur en haar opgevoed in die Protestantse geloof. Op die ouderdom van twaalf was sy Latyn en Grieks magtig wat haar baie merkwaardig gemaak het.

Dit is wonderlik om te sien hoe die Here hierdie dogtertjie, en later vrou, gebruik het om die geloof te bevorder. In 1547, op 22-jarige ouderdom, keer Olympia terug huis toe waar sy help om haar siek vader te versorg. Na haar pa se dood later in hierdie jaar, keer sy terug na die hof van die hertogdom. Sy word egter haar eertydse posisie geweier. Die spesifieke rede vir haar afdanking is nie bekend nie, maar die oortuiging bestaan dat daar valse aantygings oor haar gemaak is, op grond van haar Reformatoriese agtergrond en geloof.

Begeerte om God waarlik te leer ken

In hierdie neerdrukkende omstandighede keer Olympia terug huis toe – sonder enige vooruitsigte om haar studies te kan voltooi. Maar 'n nuwe begeerte ontvlam in haar hart: Om die ware God van die Skrif te leer ken.

Net so onverwags as wat die skielike staking van haar studies haar getref het, betree 'n nuwe karakter haar lewensverhoog: Andreas Grunthler, 'n mediese dokter van Schweinfurt, Duitsland. Hy het dieselfde gereformeerde geloofsoortuigings as Olypmia gehad, hulle deel ook 'n liefde vir literatuur, gedigte en akademiese studies. Die paartjie trou aan die einde van 1549.

Politieke bedreigings

In sterk kontras met die voorspoed wat Olympia in haar persoonlike lewe beleef, het die politieke situasie in Italië ondraaglik geword vir die Protestante. Die enigste opsies op hierdie stadium was om te vlug of om doodgemaak te word.

Andreas en Olympia het gevlug en die 500 myl lange reis van Ferrara na Schweinfurt aangepak. Met al sy godsdienstige beperkings en vyandelikhede ten spyt was Duitsland veiliger as Italië. Hier het die egpaar tuisgegaan by vriende en familielede. Hulle is versterk in hulle geloof omdat hulle nou vryelik toegang gehad het tot teologiese boeke, Bybelstudie en ook deel was van 'n kerk. Dinge wat maar net 'n idille was in haar tuisdorp, Ferrara, waar protestante nou swaar gebuk gegaan het onder die vervolging van Pous Julius III.

Vertaalwerk

Hier het Olympia, nou 'n toegewyde vrou en ma, die projek voltooi het wat sy alreeds in Ferrara begin het – die vertaling van psalms in Grieks. Haar vertaling van die Psalms was nie akademies gerig nie, alhoewel haar breedvoerige kennis van die Griekse taal en die Woord duidelik na vore gekom het. Die doel met hierdie vertalings was om dit wyd te versprei onder Reformatore wat die Septuaginta goed geken het, sodat alle gelowiges regoor die wêreld die Here saam kon loof. Dit is waarskynlik so dat haar man gehelp het om die Psalms te toonset.

Hierdie vertalings van Olympia kan as een van haar glorierykste prestasie gesien word. So het sy bekendheid verwerf en deur die vertaling kon sy Reformatore aanmoedig om te volhard.

Getrou onder alle omstandighede

Die dreigende oorlog en verwoesting in Schweinfurt in 1553, dwing die gesin om na Heidelberg te vlug nadat hulle hul huis en besittings verloor het toe die dorp afgebrand is. Hulle word eers gevangene gehou in 'n naburige dorp waaruit hulle egter ontsnap.

Die verwoesting en oorlog het groot ellende en siektes tot gevolg gehad. In hierdie tyd word Andreas 'n professoraatskap aan die Mediese fakulteit van die Universiteit van Heidelberg aangebied.

Olympia se gesondheid het nooit weer volkome herstel nie – na aanleiding van die simptome wat sy in haar briewe en gedigte noem word daar afgelei dat sy aan tuberkulose gely het. Sy word ook 'n pos by die universiteit aangebied alhoewel die besonderhede daarvan nie bekend is nie. Indien sy 'n amptelike pos aangebied is, sou sy die eerste vrou gewees het wat hierdie eer te beurt geval het. Sy het die pos egter van die hand gewys as gevolg van haar swak gesondheid.

"I long to fade away,

so great is my confidence in Christ,

and to be with him in whom my life thrives."

Met die woorde van haar laaste gedig, sterf Olympia Morata op die 26 Oktober 1555 – kort voor haar 29ste verjaarsdag.

Wat merkwaardig is van haar kort lewe is hoe die Here sy getrouheid in haar lewe geopenbaar het en hoe sy onder alle omstandighede – hetsy die gemak van die hof van 'n hertogdom of die felheid van vervolging – getrou gebly het.

Wanneer ek haar lewensverhaal lees, wonder ek hoe haar lewe sou wees as dit verloop het soos wat sy dit self beplan het. Maar die Here het die beste geweet: haar grootste gawe, haar akademiese vermoëns, wat eers teleurstelling gebring het, was aan die einde dié gawe waarmee sy haar grootste bydrae tot die Reformasie gemaak het – alles tot eer en verheerliking van die Here. V

Bronne gebruik:

http://heroinesofthefaith.blogspot.co.za/2012/02/olympia-morata.html
http://www.reformationitaly.org/2011/01/olympia-morata-champion-of-the-reformation/
https://romanroadsmedia.com/2015/10/5-women-of-reformation/